WOENSDAG BRIEF 10 Junie 2020
Gegroet vanuit die pastorie

As jy bietjie vietser wil word, begin jy dadelik meer eet. As jy besluit jy wil meer genaakbaar wees, betree iets of iemand dadelik jou ruimte om jou kwaad te maak. As jy wil spaar vir iets, gebeur daar gou-gou iets wat al jou spaargeld opvreet. As jy antwoorde soek, dan kry jy geen hulp. Dit wat jy juis nie wil kry nie, word juis sterker in jou doen en late.

Nou sê Stephanie vir my as dit só is, dan moet ons miskien begin sê ons wil armer word, dan word ons dalk ryker want as dit eenkant om werk, moet dit mos ook andersom werk. Nee, asseblief nie, het ek haar gebriek – daar is ’n dieper waarheid agter dié bedryf van die lewe. As ek dan so slim is, kap sy haar tentpen bietjie dieper, wat moet mens maak om *wealthy* and *healthy* te wees?

Die mens is eintlik twee van alles en wel so in alle dimensies probeer ek verduidelik – net om haar te wys ek is nie vol slimmigheid nie, maar eintlik eenvoudig en pragmaties. Elke deeltjie van alles, om die waarheid te vertel, het ’n teenpool. En dit is nog erger as dit, vertel ek vir haar, want as die twee dele per ongeluk teen mekaar skuur, dan vernietig dit hulself, maar ek sien sy rol haar oë en dat haar ore toegeslaan het. Oor ek en sy ook in ’n sekere dimensie twee pole van dieselfde ding is, los ek dit toe maar want ek is bietjie bang dat goeie verhoudinge heel vernietig sal word.

Wie wil nie *wealthy* and *healthy* wees nie? Hoekom is doodgaan in elk geval die laaste ding op aarde wat ons gaan doen? Wat is tussen ons en God? Hoekom word energie gemors op kinders en wysheid op ou mense? Hoekom vlieg tyd soms en ander kere is sekondes ure lank? Is die universum in ses dae gemaak? Het ’n walvis vir Jona ingesluk en hoe het hy drie dae en nagte in die walvis se pens oorlewe?

Die antwoorde op die vrae van die lewe het nie veel met die vrae self uit te waai nie. Die het ek lankal uitgevind – selfs voor Stephanie my voete onder my uitgevee het. Mense soek nie eintlik antwoorde nie – hulle soek betekenis. Agter die vrae sit daar ’n onbekende drif om voluit te lewe. Mense weet die antwoorde op hulle vrae is meesal ’n maskerade.

Dit is waar op enige vlak dat daar altyd twee uiterstes van alles is. Hoewel dit maklik verklaar kan word, is dit moeilik om te aanvaar. Op sigself bied die kennis ook geen lewenshulp nie. Dit help net hier en daar so ’n klein bietjie – soos wanneer mens moet verstaan dat jy liggaam, siel en gees is, maar ook bo-bewussyn en onder-bewussyn. Dit help eintlik niks om te weet dat jou perspektief spruit vanuit ’n agtdimensionele kristal-tipe inligtingsisteem nie – behalwe as dit jou help om in te sien dat so iets gelykgestel kan word aan absolute potensiaal. Nou verstaan jy seker hoekom Stephanie haar oë so gou-gou rol.

Hoekom kry mens dan omtrent altyd die teenoorgestelde as wat jy wil kry? Die antwoord is bietjie lakonies – ’n mens kry altyd alles waaraan jy ’n gevoel kan koppel. Nie wat jy dink nie, maar wat jy voel is die boodskap wat jy uitsaai. As jy wens om ryk te wees, saai jy die boodskap uit dat jy arm is en dit word dan vir jou versterk. As jy vietser wil word, saai jy die boodskap uit dat jy te veel gewig ronddra en dan word alles in werking gestel om juis dit meer waar te maak. As jy meer gemoedeliker teenoor jou geliefdes wil wees, saai jy waarskynlik die boodskap uit dat jy ongenaakbaar is en dan werk die hele wêreld saam om jou ongenaakbaarheid te vermeerder. As jy liefde begeer, dan is die boodskap aan die werklikheid dat jy liefdeloos is en dit vermeerder dan.

’n Mens kry dus altyd wat jy regtig, regtig, regtig, regtig wil hê, maar ook wat jy jy regtig, regtig, regtig, regtig nie wil hê nie. Dit gaan om wat jou hart, jou onderbewussyn, jou ware gevoel behels – dit word vir jou versterk. Stephanie se vraag op hierdie insigte is dat hoekom op Gods aarde die lewe so omgekeerd werk? Kan die Here maar nie die skepping openlik en meer duidelik geskep het nie, is haar versugting, maar ek weet sy dik so bietjie aan. Sy ken hierdie skeppings-neigings al te goed soos ons almal eintlik. Ons voel dit aan, maar ons kan dit net nie verstaan of verklaar nie.

Die verklaring, soos meeste goeie dinge soos wyn en landrovers en vroue, is eenvoudig en ingewikkeld gelyktydig. In die lewe gaan dit nie om wat jy het nie, maar hoe jy reageer op jou omstandighede. Dit is eintlik die enigste volle vryheid wat jy gekry het – om te kies hoe jy reageer op jou omstandighede. Die motivering in die skepping is dat jy altyd sal oes volgens die gevoel-saadjies – jou reaksie – wat jy saai. Dis nou nie wat Stephanie gesê het nie – dit was ’n bekende wetenskaplike wat uitgeroep het toe iemand dit aan hom verduidelik dat die lewe dan mos soos beesmis (net in Engels) is: Mens moet altyd reageer asof jy dit het wat jy kort en oor dit wat wat jy het en nie wil hê nie, asof jy dit nie het nie.

As ek dit aan my kinders verduidelik, is hulle kwelling dat hulle nou nie meer weet hoe om te dink oor hulle ma en pa nie. Ek maak hulle heeltemal deurmekaar, sê hulle. My vriende, as ek dit aan hulle probeer verduidelik, raak altyd haastig oor iets wat hulle vergeet het om te doen. Maar dit pla my nie veel nie, want ek het ’n oulike en agtermekaar vrou en fantastiese kinders en die heel beste vriende op die aarde – in elk geval so voel ek oor wat ek het alhoewel ek dit bietjie lanklaas vir Stephanie gesê het.